# Landdroskop 2022

| ROETE: | Sphinx roete op en jeepspoor af | DATUM: | 1-2 Mei 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 11 van ons het die Saterdagoggend by die Nuweberg-natuurreservaat buite Grabouw bymekaar gekom vir die Landdroskop-naweekstap. Vir baie van ons was dit die eerste oornagstap met 'n groot rugsak vir die jaar (maar op die ou end pak mens net so swaar vir 'n naweekstap as vir 'n vyfdagstap oor al die ‘creature comforts’ wat ook moet saam, wat in hierdie geval vleis vir die aand se braai ingesluit het). Die eerste deel van die stap is opdraand met 'n jeeppad tot by 'n kol bome waar ons ontbyt geëet het. Dan draai ons af op die stappaadjie en klim ons geleidelik tot by 'n punt waar jy die hut kan sien as jy weet waar om te kyk. Ons eet middagete in een van die klipklofies en pak dan die laaste deel op die kontoer tot by die hut aan (wat altyd verder is as wat dit lyk). Ons kom vroegmiddag by die hut aan en sit buite rond in die son met sop, tee, koffie of iets dergliks. Die aand maak ons 'n groot vuur in die hut, en braai en kuier lekker. Die volgende oggend is dit meestal afdraand. Ons stop by die ‘Smiley Face’ rots vir foto’s en drink agterna koffie by die Zipline-mense se koffie shoppie. Die voordele van hierdie stap is dat dit mooi en naby aan die Kaap is, goeie oefening bied sonder om ekstreem te wees, en 'n gesellige oornaghut het. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die reëlings en aan Beulagh Keulder vir die stapleiding. Klimhoogte: 700 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2022015 | R 10 | 21 | |
| Irma Jooste | 2022076 | R 10 | 21 | |
| Deon Arp | 2022077 | R 10 | 21 | |
| Beulagh Keulder | 2022021 | R 10 | 21 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 10 | 21 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 10 | 21 | |
| Marietjie Woeke | Besoeker | R 20 | 21 | |
| Tanja Munnik | Besoeker | R 20 | 21 | |
| Danie Pienaar | 2022055 | R 10 | 21 | |
| Susan Pienaar | 2022056 | R 10 | 21 | |
| Elisma Maree | 2022040 | R 10 | 21 | |
| | | | | |
| | | | | |
| | TOTALE: | **R 130** | **231** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Amanda Matthee |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|